



# PAARL-SKOOL

## NUUSBRIEF 4/2025



# PAARL SCHOOL

## NEWSLETTER 4/2025

Op een van die Courage Eisteddfod se baniere was die volgende leuse:

Courage cannot erase our fear.  
Courage is when we face our fear.

As ek terugkyk na 2025 se leerder-, ouer- en personeelbetrokkenheid tydens skoolaktiwiteite is ek oorweldig met emosies van dankbaarheid en verwondering. Ons leerders se moed en deursettingsvermoë gedurende die afgelope jaar was, weereens, opvallend.

- ▶ Aloshay Arendse (Graad 9) se afsterwe vroeër vanjaar het leerders, sowel as personeel, se harte diep aangeraak;
- ▶ Heelwat leerders het operasies of prosedures ondergaan, is gehospitaliseer of ondervind ander mediese uitdagings;
- ▶ Dit is baie harde werk en deursettingsvermoë vir van ons leerders om aan die vereistes van die kurrikulum te voldoen; en
- ▶ Baie gesinne ervaar moeilike maatskaplike-, ekonomiese-en/of ander omstandighede.

Nieteenstaande omarm ons leerders geleenthede om uit te styg bo hul persoonlike- of gesinsuitdagings en wys hulle vir ons wat dit is om veerkragtig te wees!

Hul het entoesiasies aan sport-, kulturele, akademiese en ander sosiale aktiwiteite deelgeneem en selfs presteer. Ek wil aan elke leerder sê welgedaan, ek is trots op julle en dankie dat ons grootmense só baie by julle kan leer. Dankie dat jul reg laat geskied aan die 4de kwartaal se waarde, moed.

Vergun my om 'n spesiale woord van dank te rig aan drie van ons personeellede, Esmé Tucker (31 jaar), Shirley Galeshewe (38 jaar) en Rachel Wagener (40 jaar), wat na baie jare diens by Paarl-skool aftree. In totaal verloor ons meer as 100 jaar se ervaring. Ons sal jul nalatenskap koester, maar gun vir julle die rus en ook om allerlei lekker dinge te doen.

Ek wens elke leerder en personeellid, tesame met hul gesinne, 'n geseënde Kersgety en voorspoedige Nuwejaar toe.

Geniet die vakansie saam met jul kinders.

Kersgroete

Annaline Norman  
Skoolhoof



Moses Mohapi



Gabriella Bekker



# Hoofleiers

## 2025

# TROTS

*op julle!*

Veel meer as 'n skool / More than a school



# Prefekte

Aan die einde van die derde kwartaal het die prefekte die onderwysers bederf op Onderwysersdag met die tema "Out of the blue, we celebrate you!" Dit was 'n besondere gebaar van waardering teenoor ons toegewyde personeel.



Baie geluk aan ons nuwe prefekte! Ons glo julle gaan hierdie groot verantwoordelikheid met trots en toewyding in 2026 dra.



Geraldo Griffiths



Divan Kotze



Marlé Niewoudt



Johannes Vosloo



Kendahl Benting



Seth Brown



Callum Frantz



Keanu Smith



Kiara Swartz



Luke Adams

Daar was ook 'n suksesvolle leierskapswerkswinkel vir al die graad 8-leerders aangebied as deel van die proses om ons nuwe leiers vir 2026 te kies.

'n Opregte dankie aan die prefekte van 2025 vir die goeie leiers wat julle by Paarl-skool was. Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle en sien met groot verwagting uit na hoe julle in die toekoms as leiers gaan ontwikkel.

## Strategiese Beplanning

Paarl-skool se skoolbestuurspan (SBS) het op 24 Oktober 2025 hul jaarlikse strategiese beplanning gehad; 'n dag gevul met insig, inspirasie en spanbou. Ons is dankbaar vir Craig Paulsen en Grant Abrahams van die WKOD wat ons kom toespreek het. Ons kon wetgewing bespreek, personeel se bekommernisse aanraak en ook op kurrikulumsake fokus. Dit was 'n opbouende en motiverende dag wat ons aan ons gedeelde doel herinner het; om voortdurend saam te groei, te besin en te beplan, sodat Paarl-skool die beste moontlike omgewing vir elke leerder kan bied.





**M**oedig  
**O**nverskrokke  
**E**erbiedig  
**D**apper



**Waarde**  
 van die kwartaal

## Prestige-aand

Die jaarlikse Prestige-aand is 'n gedenkwaardige gebeurtenis wat die harde werk en prestasies van ons leerders deur die jaar vier. Ouers, onderwysers en leerders het op 6 November 2025 bymekaargekom om dié wat uitgestaan het in akademie, sport en buitemuurse aktiwiteite te vereer. Spesiale toekennings is gegee aan leerders wat uitsonderlike toewyding, leierskap en deursettingsvermoë getoon het. Die geleentheid was weereens 'n wonderlike getuigenis van die talent en vasberadenheid binne ons skoolgemeenskap. Baie geluk aan al ons prysweners en dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie geleentheid!



## Nasionale Onderwystoekennings

'n Uitsonderlike prestasie! Ons is ongelooflik trots op Chantelle Carstens, die nasionale wenner van die Nasionale Onderwystoekennings in die kategorie Onderrig in Spesiale Behoeftes! Sy is 'n ware ambassadeur vir Paarl-skool, met 'n hart vol passie vir elke leerder wat sy bedien. Haar toewyding, liefde en onwrikbare geloof in haar leerders het haar tot hierdie merkwaardige prestasie gelei. Baie geluk, Chantelle! Jy het Paarl-skool se naam met trots op die nasionale verhoog laat skyn. Ons vier jou sukses met groot dankbaarheid en bewondering!





# Onderwysersmaand

By Paarl-skool het ons Oktobermaand aan ons onderwysers en terapeute gewy; die mense wat elke dag met soveel liefde en geduld 'n verskil maak in ons leerders se lewens. Ons het die voorreg gehad om Carl Wastie, Tracey Lange en EB Inglis van KFM by ons te verwelkom, wat regstreeks vanaf ons skool uitgesaai het. Minister David Maynier het ook 'n inspirerende boodskap aan ons personeel en leerders in die saal gedeel. Die dag was gevul met vreugde, bederf en waardering; van heerlike kos en verversings tot ontspannende masserings. Elke personeellid het ook 'n pragtige bos blomme ontvang en is waardeur vir die ongelooflike werk wat hulle doen. Dankie aan ons span vir julle toewyding, passie en liefde; julle is die hartklop van Paarl-skool!



## Landsdiens

Ons Landsdiensleerders het 'n lekker gesellige braai geniet om die einde van die derde kwartaal te vier. Ons het ook 'n heerlike tyd gehad tydens ons gesinsmuurbaldag en kosbare herinneringe gemaak tussen al die werk en studies deur. Die jaar is afgesluit met 'n suksesvolle kersmark en besoek aan die Museum van Illusies.





# Kultuur

## Courage Eisteddfod

Die “Courage Eisteddfod” skep 'n platform vir leerders met spesiale behoeftes om op te tree, deel te neem en hul volle potensiaal te bereik ten spyte van hulle leerhindernisse en/of gestremdhede. Ons leerders het in verskeie kategorieë deelgeneem: sang, voordrag, kuns, kunsvlyt, spraakkoor, kreatiewe skryfwerk, dans, kletsrym en “beatbox”. Ons is baie trots op elke leerder.

|                           |            |
|---------------------------|------------|
| <b>Totale inskrywings</b> | <b>190</b> |
| <b>Kategoriewenners</b>   | <b>16</b>  |
| Cum Laude                 | 30         |
| Goud+                     | 33         |
| Goud                      | 38         |
| Silwer+                   | 27         |
| Silwer                    | 27         |
| Brons                     | 29         |



Die koor het die jaar afgesluit met optredes by die NG Kerk Kuilsrivier, kultuuraand en die Kersfees musiekaand saam met Laerskole Bastion, Brackenfell en die groep Some Friends. Dit was voorwaar 'n besige jaar vol hoogtepunte.

## Paarl Vallei Eisteddfod

Ons is baie trots op die volgende leerders wat aangewys is as kategoriewenners by Paarl Vallei Eisteddfod: Blessing Nyamayaro – senior sang, Sage April – visuele kuns graad 2, Atleyiso Belebezi – visuele kuns graad 6, Jamé Nel – visuele kuns graad 7. Ons is ook baie trots op Ronel van Dijk wat namens ons skool 'n erelidmaatskap van die Paarl Vallei Eisteddfod ontvang het vir haar bydrae tot die visuele kuns en uitmuntende ondersteuning en toewyding. Paarl-skool is die enigste skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte wat aan die Eisteddfod deelneem en jaarliks kategoriewenners oplewer. Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees!





# Sport

## Landloop

Ons is baie trots op Megan de Jager en Hanrieké Wessels wat gedurende die Oktober-skoolvakansie die Weskaap verteenwoordig het in Mpumalanga by die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe.



## Parasport

Ons is super opgewonde om weer as Paarl-skoolklub aan parasport te kan deelneem. Ons leerders het aan die Weskaapproewe deelgeneem en ons wens met trots die volgende leerders geluk wat in Maart 2026 aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Fisies Gestremdes in Coetzenburg gaan deelneem: Alicia Petersen, Faith Adams, Johannes Vosloo, Kendahl Benting, Liyabona Jafta, Roshe Hamerslag, Imaad du Toit, Luke Adams, Tanica Byne, Charl Joubert, Ndalo Ngwenya en Ilse du Plessis.



## Skaak



Sewe van ons skaakleerders het aan die Weskaap LSOB-skaakkampioenskappe deelgeneem by die Breedevallei Vaardigheidskool. Avuya Mninzi het 5de en Josef Chumpitaz 4de in die o/15 afdeling geëindig.



## Veerpyltjies



Elf van ons leerders het deelgeneem aan die 180 Program se proewe om 'n span te kies wat Suid Afrika sal verteenwoordig in Nieu-Seeland in September 2026. Beulin Brown het die span suksesvol gehaal. Baie geluk aan almal.







# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Hierdie was 'n kwartaal propvol pret en plesier. Die waterspel het groot opgewondenheid gebring en die kinders het dit geniet om in die son en water te speel. Ons instappie van "Giraffe House" was ook 'n besondere ervaring—die diere het groot nuuskierigheid en verwondering ontlok! Met die jaar wat nou tot 'n einde kom, kan ons trots sê dat elke leerder mooi gegroei en ontwikkel het. 'n Opregte dankie aan ons klashulpe en juffrouens vir hul harde werk, geduld en liefde gedurende die jaar. Die Voorskoolse Fase het gelukkige leerders!



Ons groet vir Rachel Wagener met diep dankbaarheid vir haar 40 jaar as toegewyde klashulp in die Voorskoolse Fase. Haar sagte hart en die besondere manier waarop sy met die kinders gewerk het, sal ons altyd koester. Die kinders het haar baie liefgehad en elkeen kon by haar 'n veilige plek vind. Ons gaan haar vreeslik mis en wens vir haar 'n tyd van welverdiende rus toe.



## Grondslagfase

Hierdie kwartaal het die Grondslagfase baie interessante opvoedkundige geleenthede gehad. Dit het begin met CanGrow wat die skool besoek het. In 'n verhoogproduksie het hulle vir ons geleer hoe om ons eie tamatieplante te plant. Elke leerder het 'n onderstebo tamatieplant gekry wat hulle by die huis moes versorg. Nog 'n hoogtepunt was ons besoek aan die Planetarium. Die leerders het in verwondering meer geleer oor die ruimte en die planeete. Ons is baie trots op ons dapper leerders wat hierdie kwartaal deelgeneem het by die "Courage Eisteddfod" en pragtige prestasies behaal het. Sage April in Gr.2E is aangewys as kategoriewenner by die Paarl Vallei Eisteddfod vir visuele kuns. Wat 'n uitmuntende prestasie! Ons is supertrots op hom! Op 1 Desember 2025 het ons ons prysuitdeling en kersspel gehad - 'n gepaste geleentheid om die jaar af te sluit en om ons leerders te erken vir al hulle harde werk dié jaar!





## Intermediêre Fase



Graad 4 trek aan vir hul mondelinge en tree in karakter op.

Graad 5 leer hard vir die toetse en maak seker dat hulle hul beste gee.




Met die afsluiting van die akademiese jaar, neem die Intermediêre Fase afskeid van ons Graad 6-leerders wat na die Senior Fase aanskuif. Ons vier saam met hulle die besondere reis wat hulle in ons fase voltooi het. Hulle sukses is 'n direkte weerspieëling van hulle harde werk en toewyding en ons is trots op die ongelooflike persoonlike groei wat elke leerder oor die afgelope paar jaar getoon het. Ons sal hulle onthou vir hulle samewerking en goeie spangees. Ons het volle vertroue dat hulle goed voorbereid is vir die uitdagings wat voorlê.

## Senior Fase

Ons graad 9-leerders het hul langverwagte “40 Dae” gevier en by die skool opgedaag met hul skoolboeke in enigiets behalwe 'n sak – van potte en inkopiemandjies tot koelbokse en trollies! Hulle het ook hul kreatiewe idees van die “perfekte skooldrag” gedeel.



Akademies blink ons leerders steeds uit. Baie geluk aan ons top 5 leerders in elke graad vir hul uitmuntende toewyding en harde werk. Julle deursettingsvermoë dien as 'n wonderlike voorbeeld vir ander en weerspieël die hoë standaard wat ons by Paarl-skool handhaaf.



Hartlik geluk aan Gerrit Scheepers wat tydens die vakansie met Cindy Anger getrou het. Ons wens die pasgetroudes 'n toekoms vol vreugde en pragtige herinneringe toe.





## Funksionele Fase

Die vierde kwartaal was behoorlik besig en vol opwinding. Met die besoek van Giraffe House het die Funksionele Fase die buitlug-opvoeding baie geniet. Die primêre fokus van Giraffe House is om 'n insiggewende wildbewaringsprogram aan te bied en om vir elke leerder die geleentheid te bied om die interessante diere te ontmoet en selfs moontlik vas te hou. Vir die kersmarkie van 13 November, het die Funksionele Fase hard gewerk om genoeg produkte te vervaardig, sodat die besoekers 'n wye verskeidenheid items het om van te kies. Ons is trots daarop dat ons hierdie geleenthede daarstel, wat lei tot gelukkige kinders en ondersteunende ouers. Met geesdriftige en toegewyde personeel word die waarde van moed daaglik uitgeleef en uitdagings met waagmoed aangepak.



## Werksvorbereiding



Gedurende die vierde kwartaal het ons Funksionele Fase 'n gesamentlike kerspartytjie en gradeplegtigheid op 28 November aangebied om afskeid te neem van ons Werksvorbereiding 5-leerders. Ouers, personeel en vriende het saam met ons hierdie spesiale mylpaal gevier, terwyl die Funksionele Fase leerders die feestelike atmosfeer geniet het. Dit was 'n vreugdevolle en betekenisvolle geleentheid om hul wonderlike jare by Paarl-skool te vereer. Ons Werksvorbereidingleerders het ook waardevolle, praktiese ervaring opgedoen deur weeklikse werksinkels by ons gemeenskapsvennote by te woon. By ROFOR Invoer en Uitvoer help hulle met die pak, sorteer en voorberei van produkte en is onlangs met spesiale pakkies bedank vir hul harde werk. Leerders woon ook Chris Steytler Werkswinkel by, waar hulle saam met ander jong volwassenes werk. Twee leerders het ook waardevolle ervaring by McDonald's opgedoen. Ons is dankbaar vir die geleentheid om weekliks na Brackenfell Kwekery te gaan, waar leerders help om plante te versorg en vir verkoop voor te berei. Hierdie werksgeleenthede speel 'n belangrike rol in die voorbereiding van ons leerders vir die lewe ná skool.





# Ondersteuningspan

## Terapeutkonferensie

Die terapeute by Paarl-skool het op 2 en 3 Oktober 2025 'n WKOD-terapeutkonferensie bygewoon. Die tema was "Connected in Purpose". Die konferensie is bygewoon deur 206 spraak-, arbeids- en fisioterapeute in diens van die WKOD. Ons is die geleentheid gebied om te leer, speel, skeep en met ander terapeute te skakel. Paarl-skool se terapeute is 'n wonderlike span en 'n perfekte voorbeeld van die feit dat saamwerk in 'n multidissiplinêre span meer effektief is as om in isolasie te werk. Ons sal voortgaan om 'n verskil te maak in die lewens van leerders en gesinne wat ons ondersteun.



Geluk aan Jurie en Madeleine Swart (sielkundige) met die geboorte van hulle pragtige seuntjie, Lian. Mag hy julle lewens verryk en baie vreugde bring.

## Gestremdheidsregte

Suid-Afrika vier jaarliks die Nasionale Maand van Bewustheid van Gestremdheidsregte tussen 3 November en 3 Desember. 3 Desember is die Internasionale Dag van Persone met Gestremdhede en word ook gevier as Nasionale Dag van Bewustheid van Gestremdheidsregte (DRAM - Disability Rights Awareness Month). Vanjaar se tema is **TOEGANG** – 'n kragtige herinnering dat ware inklusie plaasvind wanneer almal elke ruimte kan binnegaan, deelneem en daarin behoort. Van klaskamers tot speelgronde, van kantore tot verhoë, laat ons voortgaan om omgewings te skeep wat almal verwelkom en vier.

Paarl-skool se terapeute ondersteun bewustheid van gestremdheidsregte deur inklusiewe spel, oop ruimtes en toegang vir **ALMAL!**

[Klik om te speel](#)



Welkom aan Juanita Engelbrecht wat as leerondersteuner by Paarl-skool aangesluit het. Ons wens vir jou baie gelukkige jare toe by hierdie spesiale skool.



Ons groet vir Leoné Swart (intern sielkundige). Dankie vir jou waardevolle bydrae hierdie jaar. Ons wens vir jou alles wat mooi is toe vir die toekoms.



Geluk aan Reinet Barnard met haar aanstelling as Hoof Opvoedkundige Terapeut by Paarl-skool. Ons glo dat jy baie sukses gaan ervaar in jou nuwe posisie.



Na 31 jaar van toegewyde diens neem Paarl-skool afskeid van Esmé Tucker; 'n spraakterapeut, mentor en leier wie se nalatenskap diep in ons skool se storie leef. Esmé se loopbaan van 43 jaar was gekenmerk deur visie, warmte en 'n besondere vermoë om mense raak te sien. Sy het programme ontwikkel wat taal en kommunikasie opnuut laat leef het en haar werk het honderde leerders gehelp om hul eie stem te vind. Met haar kreatiwiteit, geloof en wysheid het sy geslagte personeel en leerders geïnspireer. Sy het vir 19 jaar as Hoof Opvoedkundige Terapeut die Ondersteuningspan by Paarl-skool bestuur en was 'n lid van die Skool Bestuurspan. Sy dien reeds vir 25 jaar op die Beheerliggaam en sal voortgaan as verkose lid - Spesialis in Spesiale Onderwysbehoeftes. Sy het met haar hart gelei, met sorg gevorm en met liefde gedien. Dankie, Esmé, vir jou jare van diens, jou passie en jou voorbeeld. Jou spore lê diep en jou invloed sal vir altyd deel van Paarl-skool bly.



# Koshuis

Shirley Galeshewe tree vanjaar af ná 'n ongelooflike 38 jaar se troue diens by die koshuis. Haar liefde, raakvat en opregte omgee vir elke leerder het generasies lank 'n onuitwisbare merk gelaat en ons gaan haar teenwoordigheid innig mis.

Hierdie jaar was ons bevoorreg om vier matriekleerders van Hoërskool Brackenfell by ons te hê — hulle het wonderlik ingeskakel en vinnig deel geword van ons Paarl-skoolfamilie.



## PSOS

### Paarl-skool Ontwikkelingstigting

#### Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n nie-winsgewende geregistreerde organisasie.

#### Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansiëel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.

#### Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

#### NG Kerk Kuilsrivier

Die PSOS en Paarl-skoolkoor het Sondag 9 November opgetree by NG Kerk Kuilsrivier. Belangrike bande is weer gebou en ons leerders het geskitter!

#### Ander belangrike datums vir 2026

Woensdag 27 Mei 2026:  
Wynveiling  
Vrydag 4 September 2026:  
Loslitdag

#### Paarl-skool Damesoggend

met gasspreker Sonja Goldberg

Dagboek  
21 Februarie 2026

Kontak Elizbè: 071 972 2967  
[psos@paarlskool.org.za](mailto:psos@paarlskool.org.za)  
vir meer inligting

#### Damesoggend 21 Februarie 2026

Hierdie gaan 'n kleurvolle oggend wees met spreker, Sonja Goldberg. Dagboek gerus. Kaartjies sal vroeg volgende jaar beskikbaar wees teen R300 per persoon. Kontak asseblief vir Elizbè van der Colff by [psos@paarlskool.org.za](mailto:psos@paarlskool.org.za) indien u kan help met donasies (bv. hampers, geskenkbewyse of klein geskenkies vir ons gaste), of indien u beskikbaar is om die oggend 'n gasvrou te wees. Gasvrouens is verantwoordelik vir die dek en versier van hul eie tafels, asook, indien moontlik, die verkoop van kaartjies aan hul gaste. Wat verskaf word: alle eet- en drinkgoed, ronde tafels en roomkleurige tafeldoeke en stoele.



## Loslitdag

Dit is met dankbaarheid dat ons kan terugvoering gee dat ons hierdie jaar altesaam 10 508 loslitdagplakkers verkoop het. Baie dankie aan elkeen wat ons hier ondersteun het.



## Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** en **MyDifference** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die "swipes"! Baie dankie, Schooldays en MyDifference, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Klik op ikoon om te registreer



## Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skool stories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik op ikoon om te volg



## MEMO

### Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

### Klub100

Met hierdie projek kan goeiehartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



## Pick-a-Pearl

Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.



## Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

<https://www.paarlschooldf.com/>

Klik vir webwerf

**Martie Wilmot:**

[ontwikkeling@paarlskool.org.za](mailto:ontwikkeling@paarlskool.org.za)

**Elizbè van der Colff:**

[psos@paarlskool.org.za](mailto:psos@paarlskool.org.za)



021 981 3756



071 972 2967

## Kontakbesonderhede

**Paarl Skool School**  
Ontwikkelingstigting  
Development Foundation